

3 September

Die pad na berusting

Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:6-7

Daar was Christene wat dreig om moedeloos en selfs opstandig te word vanweë smaad en vervolging wat hulle moes verduur. Petrus wys hoe hulle hul swaarkry moet hanteer. Daar is 'n pad na berusting. Die apostel wys op 'n hand wat hulle moet soek en by wyse van spreke daaronder wegkruip, hulle daaronder verneder.

Daardie hand van God is 'n kragtige hand. In die Bybel is God se hand die beeld van God se bestuur. Dit is 'n hand wat gee en 'n hand wat neem (Job 2:10). Maar terselfdertyd is dit 'n sorgende hand (1 Pet 5:7). Alles wat ons in ons lewe ervaar, gebeur nie per toeval nie. Agter al ons teleurstellings, agter ons verdriet, ons smart moet ons leer om die hand, die kragtige hand van ons God sien. Hy is die Beskikker van ons lot.

Wat vra God van ons? Petrus stel dit onomwonde: Verneder julle onder daardie kragtige hand van God. Dit beteken om gelowig te buig onder daardie hand. Ons moet by God uitkom.

Wat gebeur wanneer ons gelowig buk onder daardie kragtige hand van God, wanneer ons aanvaar en bely dat die Here daardie teenslae en rampe oor ons lewe laat kom? Petrus skrywe: "Hy sal julle verhoog." Verhoging beteken hier opheffing uit jou ellende, opbeur uit jou benarde toestand, troos in jou droefheid. Wanneer doen die Here dit? Nie op ons tyd nie, maar op sy tyd. Petrus noem dit "die regte tyd". God bepaal die tyd in sy wysheid. Ons moet leer om gelowig daarop te wag. En ons moet die wagtyd biddend gebruik: "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle."

Jy is onder God se sorg. So loop ons die pad van berusting onder God se kragtige hand. Ons wil nie met ons Maker twis nie.

*Nee, ons buig ons ootmoedig neer;
ons wil die hoë hande eer
wat ons só toeberei het,
ons in dié hande altyd stel (Skrifberyming 34:3).*

Prof. L Floor (emeritus)